20.4 RAPPORT DEPUTATE VIR REGSAANGELEENTHEDE (Art 84)

A. Prof A le R du Plooy lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. Die Voorsitter van die Sinode rig 'n besondere dankwoord aan die Deputate vir die kundige werk deur hulle verrig met die versoek dat 'n skrywe in hierdie verband aan die Deputate gerig word.

D. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2003:454-458. Besluit: Kennis geneem
Vgl Acta 2006:401. Besluit: Goedgekeur

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

Verskeie kerke en kerklike instansies waaronder plaaslike kerke, Deputategroepe, die Administratiewe Buro en die Kuratorium het die Deputate om regsadvies genader. Hieronder word die belangrikste sake aangedui waaroor advies of leiding gevra is, en waarmee die Deputate hulle ter uitvoering van hul opdragte besig gehou het. Die aard van die werksaamhede van die Deputate is soms sodanig dat advies telefonies en/of mondelings gegee moet word, insover dit moontlik is. Die Deputate het verskeie kere vergader om aan meer ingewikkelde of belangrike sake en versoeke aandag te gee.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aan die volgende sake is aandag gegee

3.1 Huurooreenkoms – Wanprestasie van Regshulpsentrum.
3.2 Brief van ds Pieter Kurpershoek.
3.3 Mededeling insake die vrystelling van Inkomstebelasting deur kerke: (a) Plaaslike kerke
3.4 Reglement en Voorgestelde Reglement van die Bestuur van die Administratiewe Buro.
3.5 Ontmoeting met Kerkrade van Waterkloofrand en Rietvallei.
3.6 Advies oor die regsposisie van die Burgersdorp Museum.
3.7 Advies aan Deputate, KO, art 48, i/s die kerklike struktuur.
3.8 Advies aan Burgersdorp Museum en Noordwes Universiteit.
3.9 Advies oor 'n skrywe van die Gereformeerde Kerk Waterberg insake die aanstelling van 'n persoon in die deelpos Latyn/Kerk- en Dogmageskiedenis.
3.10 Advies aan die Gereformeerde Kerk Tshiawelo.
3.11 Versoek om Krugerskraal aan te koop.
3.12 Brief van Br PJ van der Walt van Klerksdorp i/s wysiging van ooreenkoms tussen hom en Administratiewe Buro.
3.13 Voorlegging vir advies van die Reglement vir die Dankbaarheidsfonds.
3.14 Advies oor die moontlike naamsverandering van die GKSA.
3.15 Advies insake uitgewersooreenkoms ivm die Psalmboek.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.15.

4. Sake vir besluitneming

Die Sinode benoem weer Deputate vir Regsaangeleenthede met die opdrag om kerke, kerklike vergaderings, Deputate, en instansies waaronder die Administratiewe Buro en die Kuratorium in dringende aangeleenthede en noodsaaklike gevalle van regsadvies te bedien, en/of te help om regsadvies te verkry.

Besluit: Goedgekeur.